



Onafhanklike Kontrakteurs en Werkloosheidsversekering

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid bevat die reëls en regulasies van die Ontvanger van Inkomste ten opsigte van onafhanklike kontrakteurs en die wetgewing ten opsigte van werkloosheidsversekering.
Goedgekeur deur:	Finansieskomitee
Goedkeuringsdatum:	2008/11/09
Implementeringsdatum:	2008/11/09
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Onafhanklike Kontrakteurs, Kontrakteurs, Werkloosheidsversekering, Werkloosheidsversekeringwetgewing
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

5.1

ONAFHANKLIKE KONTRAKTEURS & WERKLOOSHEIDSVERSEKERINGWETGEWING

Beleidnommer: 013A Finansieskomitee 19/11/08

Bestek: Die beleid bevat die reëls en regulasies van die Ontvanger van Inkomste ten opsigte van onafhanklike kontrakteurs en die wetgewing ten opsigte van werkloosheidsversekering.

Beleid:

ONAFHANKLIKE KONTRAKTEURS

Ten einde die status te bepaal van 'n persoon of entiteit wat gekontrakteer is om werk te verrig as onafhanklike kontrakteur al dan nie is dit belangrik om te onderskei tussen korporatiewe entiteite, arbeidsmakelaars en individue. Die status van die kontrakteur sal bepaal of werknemersbelasting verhaal moet word. Hierdie bepaal dus ook of die betaling deur die Afdeling: Finansiële Dienste of Menslike Hulpbronne gemaak sal word.

Korporatiewe entiteite

Die Ontvanger is besig om die gebruik van korporatiewe entiteite (soos byvoorbeeld Beslote Korporasies en Maatskappye) vir die verlaging of selfs vermyding van werknemersbelasting sterk te ontmoedig. Die neiging onder werknemers van instansies het ontstaan om 'n korporatiewe entiteit te skep en hulself as onafhanklike kontrakteurs te beskou. Die korporatiewe entiteite faktureer die werkgewer en daar word dan geen werknemersbelasting verhaal nie. Die Ontvanger verplig die werkgewer nou om normale werknemersbelasting te verhaal van hierdie korporatiewe entiteite vanaf 1 Augustus 2000 teen 'n koers van 33% en 40% in die geval van trusts, of volgens 'n aanwysings van die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens indien van toepassing. So 'n entiteit sal in die toekoms as 'n persoonlike diensverskaffer bekend staan.

Die omskrywing vir 'n persoonlike diensverskaffer sluit in:

- a) enige korporatiewe entiteit waar 'n verbonde persoon met betrekking tot daardie entiteit 'n diens namens die korporatiewe entiteit aan 'n kliënt lewer; en
- (b)(i) daardie persoon as 'n werknemer van die kliënt geag sou wees as die diens direk deur die persoon aan die kliënt gelewer was;

of

- (b)(ii) die dienste hoofsaaklik op die perseel van die kliënt verrig word en die persoon wie die diens namens die entiteit lewer, onderhewig is aan die beheer of toesig van die kliënt met betrekking tot die wyse waarop die pligte verrig moet word en die werksure wat gewerk moet word;

of

- (b)(iii) waar meer as 80% van die entiteit se inkomste wat in die jaar van aanslag vir dienste gelewer, vanaf enige een kliënt verdien is of verdien gaan word.

Dit is belangrik om daarop te let dat indien 'n diens deur 'n verbonde persoon m.b.t. 'n entiteit aan die Universiteit gelewer word en die entiteit meer as 80% vanaf 'n kliënt anders as die Universiteit ontvang, die entiteit ook as 'n nie-onafhanklike kontrakteur hanteer sal word. In die bepaling of 'n entiteit onafhanklik is of nie, moet 'n eedsverklaring verkry word waarin die entiteit bevestig dat dit nie meer as 80% vanaf 'n enkele kliënt ontvang nie.

Die omskrywing sluit egter entiteite uit wat drie of meer voltydse werknemers vir die jaar van aanslag in diens gehad het. Hierdie werknemers moet nie-verbonde persone wees tot die entiteit.

Die toelaatbare aftrekkings van 'n persoonlike diens entiteit word vir belasting doeleindes beperk tot sekere uitgawes. Die entiteit word dus nie net teen 'n hoër koers aangeslaan nie, maar die belasbare inkomste verhoog ook aangesien sekere uitgawes nie aftrekbaar is vir belastingdoeleindes nie.

Ten einde die Universiteit se risiko te beperk, moet kontrakte met alle onafhanklike kontrakteurs gesluit word, waar daar beoog word om op 'n gereelde basis, d.w.s. daaglik, weeklik, maandeliks of met ander gereelde tussenposes, van die kontrakteur se dienste gebruik te maak.

Die Universiteit van Stellenbosch se normale tjekrekwisie is aangepas sodat die departementshoof/dissiplinehoof/uitvoerende hoof (of persoon wat die tjek aanvra) moet verseker dat die begunstigde party wel 'n onafhanklike kontrakteur is.

Indien so 'n indiensnemingsmaatskappy betaal moet word sal dit via die Menslike Hulpbronne stelsel betaal moet word. Waar een of meer lede/aandeelhouders/begunstigdes van die entiteit in diens van die Universiteit Stellenbosch is, word daardie entiteit outomaties geag nie onafhanklike te wees nie. So 'n indiensnemingsmaatskappy sal aan die einde van die maand sy vergoeding direk in die bank ontvang. Daar moet gelet word daarop dat die persoonlike diens entiteite se betalingsveroeke vroegtydig ingedien moet word by Menslike Hulpbronne vir prosessering aan die einde van die maand. Dit sal onderhewig wees aan dieselfde afsnydatums as die res van die vergoedingsrekwisies.

Verwys na [AANHANGSEL PART II] vir besluitnemingsriglyne, die vraelys wat voltooi moet word ten einde te bepaal of die kontrakteur onafhanklik is en die formaat van die eedsverklaring wat die kontrakteur moet verskaf t.o.v. die 80% inkomste reël. Hierdie dokumente en vraelyste is beskikbaar by die Afdeling: Finansiële Dienste.

Arbeidsmakelaars

Indien 'n individu of korporatiewe entiteit, in terme van 'n kontrak (skriftelik of mondelings) die Universiteit van **persone** voorsien om sekere dienste te verrig, teen vergoeding en die persone word deur daardie individu of korporatiewe entiteit vergoed, word daardie individu of korporatiewe entiteit as 'n arbeidsmakelaar geklassifiseer. Indien die arbeidsmakelaar oor 'n IRP30 beskik, is betalings aan die arbeidsmakelaar nie onderhewig aan werknemersbelasting nie. Indien die arbeidsmakelaar nie oor 'n IRP30 beskik nie, sal werknemersbelasting teen die voorgeskrewe koerse van die SAID wat 33% vir maatskappy en beslote korporasies, 40% vir trusts en volgens die normale statutêre tabelle vir individue gehef word.

Arbeidsmakelaars wat oor 'n IRP30 beskik word verplig om dit jaarliks te hernu en die Universiteit van 'n gesertifiseerde afskrif van hul nuutste sertifikaat te voorsien. Hierdie IRP30 sertifikaat moet by die Afdeling: Finansiële Dienste geliasseer word om te verseker die Universiteit word nie aanspreeklik gehou vir werknemersbelasting nie. Belasting sal teen die voorgeskrewe koerse gehef word tot tyd en wyl die nuutste IRP30 nie aan die Afdeling: Finansiële Dienste voorsien is nie. Dit is dus belangrik dat die Afdeling: Finansiële Dienste betyds van die nuutste IRP30 voorsien word om te verhoed dat werknemersbelasting onnodig gehef word.

Verwys na [AANHANGSEL PART III] vir besluitnemingsriglyne, die vraelys wat voltooi moet word ten einde te bepaal of die kontrakteur onafhanklik is en die formaat van die eedsverklaring wat die kontrakteur moet verskaf t.o.v. die 80% inkomste reël. Hierdie dokumente en vraelyste is beskikbaar by die Afdeling: Finansiële Dienste.

Individue

Betalings aan die volgende individue vir dienste gelewer, mag as besoldiging kwalifiseer, met die gevolg dat werknemersbelasting verhaal moet word:

- enige individu waar 'n persoon wat 'n diens aan 'n kliënt lewer:
- onderhewig is aan die beheer of toesig van die kliënt met betrekking tot die wyse waarop die pligte verrig moet word en die werksure wat gewerk moet word; en
- waar die individu gebruik maak van die kliënt se perseel, soos byvoorbeeld die kliënt se rekenaar, kantoor en toerusting om die diens te lewer;
- enige individu wat nie 'n SA- inwoner is nie.

Ten einde die Universiteit se risiko te beperk, moet kontrakte met alle onafhanklike kontrakteurs gesluit word, waar daar beoog word om op 'n gereelde basis, d.w.s. daaglik, weeklik, maandeliks of met ander gereelde tussenposes, van die kontrakteur se dienste gebruik te maak.

Die omskrywing sluit egter die eenmansaak uit wat drie of meer voltydse werknemers vir die jaar van aanslag in diens gehad het en waar nie een van hulle 'n verbonde persoon is nie.

Indien daar onduidelikheid bestaan moet die dominante indruktoets uitgevoer word. Hierdie dokument is beskikbaar by die Afdeling: Finansiële Dienste.

Indien die individu nie onafhanklik is nie is hy/sy onderhewig aan die volgende belasting:

- indien die individu standaarddiens verrig word die individu belas volgens die statutêre tabelle; of
- indien die individu nie standaarddiens verrig nie (minder as 22 uur per week werk) word die individu belas teen 25%; of
- indien die individu 'n aanwysing van SARS het word die individu belas volgens die aanwysing. Die aanwysing is slegs geldig vir die belastingjaar. Die individu moet betyds die kliënt van 'n nuwe aanwyser voorsien anders word die persoon belas volgens statutêre tabelle.

Indien so 'n individu betaal moet word sal dit via die Menslike Hulpbronne stelsel betaal moet word. So 'n individu sal aan die einde van die maand sy vergoeding direk in die bank ontvang. Daar moet gelet word daarop dat die individu se betalingsversoeke vroegtydig ingedien moet word by Menslike Hulpbronne vir prosessering aan die einde van die maand. Dit sal onderhewig wees aan dieselfde afsnydatums as die res van die vergoedingsrekwisies.

Vir **individue** wat reeds maandeliks 'n salaris van die Universiteit van Stellenbosch ontvang en vir addisionele werk fakture indien, sal dié inkomste voortaan by hul maandelikse salaris bygetel word. Dit sal egter op 'n aparte byvoordeelkode gelaai word en belas word asof dit 'n jaarlikse betaling is.

WERKLOOSHEIDSVVERSEKERINGWETGEWING

- ***Vanaf 1 April 2002 geld die volgende wetgewing aangaande werkloosheidsversekering (Hierna WVF)***

Wie betaal WVF?

- Alle persone (studente en pensioenarisse ingesluit) wat meer as 24 uur per maand werk.

Wie is uitgesluit vir die betaling van WVF?

- Werknemers wat minder as 24 uur per maand vir 'n spesifieke werkgewer werk.
- Persone van buite die Republiek wat kontrakte kom uitvoer, dienste kom lewer, vakleerlingskappe of leerlingskappe uit te voer in Suid-Afrika byvoorbeeld buitelanders.
- Alle persone wat volgens die LBS-wetgewing 'n Onafhanklike kontrakteur is, dit wil sê die persoon of firma word deur Finansiële Dienste betaal.

Waarop word WVF bereken?

Alle vergoeding, ingesluit die volgende:

- Salarisse sluit in alle Diverse Betalings waar mense meer as 24 uur per maand werk
- Vervoertoelaag is slegs 50% WVF-draend
- Verlofuitbetalings
- Oortyd.
- Alle toelaes bv. onthaal, ongerief, voorsitter, mede-dekaan, nie-pensioendraend, selfoon, dit wil sê alle ekstra toelaes wat mense ontvang
- Lone, afhangede hoe gereeld lone aan spesifieke persone uitbetaal word, bv. Weekliks, dit wil sê hoe herhalend van aard die lone is.
- Bonusse.

Watter vergoeding word uitgesluit?

- Kommissie ontvang.
- 50% van 'n Vervoertoelaag.

Hoe word WVF bereken?

- 1% van die totale vergoeding, soos in punt 3 (uitgesluit punt 4) uiteengesit.
- WVF word bereken tot 'n maksimum vergoeding van R106 032 per jaar, dit wil sê R88.36 per maand.
- 'n Verdere 1% word deur die werkgewer bygedra.

Watter inligting is nodig by die vaslegging van data vir WVF doeleindes?

- Korrekte IDENTITEITSNOMMERS, anders kan die persoon nie eis van die WVF nie, indien sy ID-nummer nie ooreenstem met die maandelikse inligting wat elektronies aan WVF gestuur word nie.
- Die aantal uur wat die persoon in die betrokke maand gewerk het, is van kardinale belang of die persoon WVF moet betaal.

Kontakafdeling:

Vergoeding